

**28 Junie**

**Skriflesing: 1 Petrus 1:17-25**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23-25**

### **Saad wat nooit oud word nie**

Petrus skrywe hierdie brief aan gelowiges wat al vir hulle geloof moes gevlug het, en nou bly hulle tussen ongelowiges wat hulle andermaal laat swaar leef. Petrus bemoedig hulle in sy brief om as Christene in hulle geloof vas te staan. Hy doen dit so treffend. Hy herinner hulle in hoofstuk 1 aan die oorvloed geestelike rykdom wat hulle in en deur Jesus Christus het (1:2-6). Daarom is dit al die swaarkry werd om daaraan getrou vas te hou.

In hoofstuk 1 vermaan hy hulle ook dat hulle nie moet toegee om soos die heidene te lewe nie. Hulle moet onthou dat hulle soos vreemdelinge in die wêreld anders moet lewe en dat hulle nie met die stroom van die wêreld moet saamdrywe nie (vs 17). Net soos met sy bemoediging, is sy motivering vir sy vermaning weer eens die geestelike rykdomme waaraan hulle moet vashou. Dink daaraan, sê Petrus, dat julle as slawe van die sonde deur die kosbare bloed van Christus losgekoop is. Julle kan dit tog nie ignoreer deur soos die sondaarmense sonder geloof en sonder hoop te lewe nie.

Petrus roep hulle ook op om as 'n klein gemeente met die voorbeeld van onderlinge liefde onder die heidene te lewe. En weer eens is sy motivering daarvoor dat daar met hulle as gelowiges in 'n geestelike sin iets baie besonders gebeur het, naamlik: Julle is nuutgemaak; julle het 'n nuwe lewe ontvang; julle is deur die Heilige Gees weergebore. Die instrument wat die Gees vir hierdie herskeppende werk gebruik, is die woord van God, net soos met die skepping van die wêreld (onthou jy gister se dagstukkies?).

En hierdie nuutmaak-werk van die Gees is blywend. Dit is nie die een dag daar en die ander dag is dit weg nie, want die saad van die woord van God word nooit oud nie. Selfs al word jy as mens liggaamlik ouer en ervaar jy die tyd van plooi en pyne, dan bly die nuwe lewe in jou jonk en vars. Daarom kan jy steeds die onderlinge liefde nastreef.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1; Skrifberyming 33:1*

*Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Bloemfontein-Suid)*